DISSIPELSKAP. SUPPLEMENT 6

HOE OM 'N DISSIPELSKAP GROEP TE LEI: NEGE INSTRUKSIES VIR GROEPLEIERS

Die instruksies in ***vetdruk*** in die handleidings vir groepleiers help die groepleier om die studente tot deelname te stimuleer.

1. Die gees van die tyd waarin ons nou lewe.

- Gedurende die 18de eeu het **die rasionalisme** geheers**.**

Mense het toe gesê: "Ek weet en daarom is (bestaan) ek." d.w.s. "my identiteit word bepaal deur my kennis (van die Bybel of Jesus Christus). Christene praat dan eerder oor Christus en die Bybel as oor hulleself!

Jesus sê: "As julle aan my woorde getrou bly, is julle waarlik my dissipels (Christene). En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vry maak" (Johannes 8:31-32)!

- Gedurende die 20ste eeu het **die eksistensialisme** geheers.

Mense het toe gesê: "Ek voel/beleef/ervaar en daarom is (bestaan) ek", d.w.s. my identiteit word bepaal deur my gevoel/belewenis/ervaring (van die Bybel of my verhouding met Christus). Christene praat dan eerder oor hulleself as oor Christus en die Bybel.

Jesus sê: "As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, elke dag sy kruis opneem en My volg" (Lukas 9:23)! "Elkeen wat hom voor die mense openlik vir My uitspreek, vir hom sal Ek My ook openlik uitspreek voor my Vader wat in die hemel is" (Matteus 10:32).

Bespreek met mekaar die gees van ons tyd!

2. Die leierskapstyl van die groepleier.

Om te lei of te bestuur beteken *om te dien* en níé om baas te speel oor ander nie! Christelike leierskap is ***altyd dienende leierskap*** (Matteüs 20:25-28) en ***altyd gedeelde leierskap*** (Handelinge 20:28)!

- Om te lei of te bestuur beteken *om 'n persoonlike voorbeeld te stel* (1 Petrus 5:3) op die volgende gebiede:
  - in jou eie verhouding met God, met ander mense en met jouself (1 Timoteus 4:12)
  - in jou eie vooruitgang, gedrag en gesonde leer (1 Timoteus 4:15-16)
  - in jou gesonde onderrig (1 Korintiërs 4:6; 2 Timoteus 1:13-14, Titus 2:7-8)
  - en in die korrekte hantering van die Bybel (2 Timoteus 2:15)
  - in om self te doen wat jy vir ander leer (Matteus 23:3; Esra 7:10)
  - in bekwaam onderrig gee en sinlose strydvrae vermy (2 Timoteus 2:23-26).
- Om te lei of te bestuur beteken *om onderrig* te gee in openbare byeenkomste en in klein huisgroepe (Handelinge 5:42).
- Om te lei of te bestuur beteken om die heilsplan van God in sy volle omvang te verkondig asook dinge wat vir mense (ander) voordelig kan wees (Handelinge 20:20,27).
- Om te lei of te bestuur beteken om studente *te motiveer, te verduidelik, uit te daag, te help, te waarsku, te berispe, te korrigeer en op te lei* (2 Timoteus 3:16-17). Bowenal moet jy die studente *liefhê*. Wees 'n *bemoediger* (Hebreërs 3:12-13; 10:24-25).
- Om te lei of te bestuur beteken *om 'n goeie waarnemer en luisteraar te wees* (Spreuke 18:13). Neem jou studente ernstig op. Aanvaar hulle net soos hulle is (Romeine 15:7). Laat jou studente ook toe om foute te maak.
- Om te lei of te bestuur beteken *om vir* jou studente *te bid*. Ken jou studente se sterk punte, swak punte en behoeftes. Ontdek wat God in hulle doen en hoe jy hulle kan help om geestelik te groei.

3. Leiding gee by aanbidding.

- Laat die groeplede die gedeeltes in die Bybel lees.
- Die groepleier lees die meegaande oordenking (meditasie) oor een van die karaktereienskappe van die God van die Bybel.
- Maak beurte om in een of twee sinne te reageer deur God te aanbid.
- Die groep kan ook verdeel in groepies van twee of drie en dan God met gedempte stemme verder aanbid (veral in daardie lande waar Christene vervolg word en nie die aandag van die bure wil trek nie).

4. Leiding gee by uitwisseling van stiltetye.

- Die voorbereiding vir huiswerk vir die volgende byeenkoms gee sewe Bybelgedeeltes per week aan waarmee elke groeplid elke dan 'n gereelde stiltetyd kan hê. Dis ongeveer 'n halwe hoofstuk per dag.

- Gedurende elke byeenkoms maak die groeplede beurte om uit een van die stiltetye van die afgelope week of twee weke iets te deel. Elke lid moet nie meer as twee minute daarvoor gebruik nie. Moedig studente aan om van hulle geskrywe notas gebruik te maak.
- Help studente om na die persoon wat besig is om te deel te luister, deur hom/haar ernstig op te neem en hom/haar te aanvaar soos hy/sy is. Herinner studente daaraan om níe te reageer op dit wat gesê word nie en sodoende sy/haar selfvertroue skade te berokken nie.
- Die groepleier mag ook ander vorms van uitwisseling in die opleidingsprogram toelaat:
  - Deel ’n moeilike of ’n positiewe ondervinding uit die lewe.
  - Deel ’n getuienis.
  - Deel ’n antwoord op gebed of ’n gebedsversoek.
  - Deel die vordering wat gemaak is met geestelike groei of karakterontwikkeling.

5. Leiding gee by onderrig.

- As groepleier moet jy jouself baie goed voorberei. Besluit hoeveel tyd jy nodig het of wil gebruik vir die onderrig van die groep.
- As jy as groepleier onderrig gee, is jou leierskapstyl díe van *’n onderwyser* wat met gesag onderrig gee. ’n Goeie groepleier *leer die waarheid* duidelik, met persoonlike oortuiging en gesag. Die ‘Bybelse waarheid’ is meer as maar net die opinie van verskillende mense. Die groepleier *lei* die bespreking van waarhede vanuit die Bybel self. Hy *lei* sy studente *om die waarheid te ontdek, die waarhede te oordink, gevolgtrekkings te maak en toepassings vir hulleself te maak.*
- Jou doel as groepleier is dat studente hulle eie persoonlike oortuigings oor die waarhede sal ontwikkel en hulle persoonlik sal toewy om die waarhede ook toe te pas in hul lewe.
- Gebruik alleenlik (slegs) die Bybel as die bron van waarheid en as die absolute gesag vir die menslike denke (oor die christelike leer) en gedrag (oor die christelike lewe).
- Natuurlik moet die onderrig gebaseer wees op die Bybelse hermeneutiek (reëls vir die interpretasie van die Bybel).
- Laat die studente die Bybelgedeeltes wat jy in jou onderrig gebruik, self lees (***Lees***).
- Help die studente om self die waarhede in die Bybel te ontdek en te deel (***Ontdek***). Help studente om die reëls vir die interpretasie van die Bybel toe te pas.
- Betrek die studente in die bespreking van die ontdekkings en gee hulle geleentheid om hulle eie vrae te vra (***Bespreek***).
- ’n Kort verduideliking van die onderrig of opsomming van die antwoord word onderaan elke vraag in die handleidings gegee (***Notas***).
- Moedig die studente aan om hulle eie notas van alles wat hulle in die Bybel en ook van mekaar leer, neer te skryf. Tydens die les self word meer gesê as wat in die handleidings geskrywe staan.
- Maak die onderrig en opleiding so prakties as moontlik. Oefen al die onderdele van die kursus (aanbidding, uitwisseling van stiltetye, Bybelmemorisering, Bybelstudie, gebed, voorbidding) tydens die byeenkomste van die dissipelgroep en spoor die studente aan om dit self tuis ook te oefen.
- Verwag van die studente om hulle voorbereidings tuis klaar te maak vóórdat hulle na die byeenkoms toe kom.

6. Leiding gee by Bybelmemorisering.

- Motiveer die studente gereeld, met goeie voorbeelde uit die Bybel, om Bybelverse te memoriseer.
- Mediteer saam oor die betekenis van elke nuwe Bybelvers.
- Laat ’n ander student elke keer die Bybelmemorisering tydens die les lei.
- Verdeel in groepies van twee en gaan mekaar se laaste gememoriseerde Bybelversie na.
- Verdeel so elke nou en dan in groepies van twee om ’n reeks van 5 ou Bybelverse, wat jy alreeds gememoriseer het, na te gaan.

7. Leiding gee by Bybelstudie.

- As groepleier moet jy die Bybelstudies self baie goed voorberei. Die antwoorde op belangrike vrae word in die handleiding gegee.
- As jy as die groepleier ’n Bybelstudie lei, dan moet jou leierskapstyl die van ’n *gids* wees. Die groepleier moet dan nie die onderwyser word nie.
- ’n Goeie gids *oefen* sy studente *om self die waarhede te ontdek, self na te dink, self gevolgtrekkings te maak en sy eie toepassings te maak.* Hy lei die studente om hulle ontdekkings met ander te deel, hul vrae te bespreek en om in ’n dinkskrum moontlike toepassings van die waarhede uit te dink.
- Jou doel as die groepleier is om die groep te lei in die vyf stappe van die Bybelstudiemetode:
  - (1) om te luister na en deel te neem aan die voorlees van die Bybelgedeelte (Nehemia 8:8)
  - (2) om die waarhede in die Bybel self te ontdek en in die groep onder woorde te bring (Handelinge 17:11; Kolossense 3:16)
  - (3) om die Bybel beter te leer verstaan deur antwoorde te kry op vrae (2 Timoteüs 3:16) en om die waarhede reg te verduidelik (2 Timoteus 2:15)

- (4) om die waarhede in die Bybel in verband met sy eie lewe te bring (Matteüs 7:24-27) en ook om die waarhede aan ander mense te onderrig (Matteus 28:19-20)
- (5) en om op die waarhede in God se Woord met gebed te reageer (Psalm 143:8-10)

- Die waarheid is meer as net die blote opinies of interpretasies van mense. Die waarheid is wat God in die Bybel wil sê en wat Hy wil doen. Daarom moet die Bybel reg verduidelik word - ooreenkomstig die reëls vir Bybeluitleg. Dis die groepleier se verantwoordelikheid om te sorg dat die groep op die spoor bly, nie afdwaal nie en ook te verhinder dat iemand die groep oorneem en op 'n dwaalspoor lei. Hy moet uiters sensitief wees vir die leiding van die Heilige Gees.
- Betrek elke student by elke onderdeel van die Bybelstudie. Moedig hulle aan om nie alleen hulle gedagtes, maar ook hulle gevoelens te uit. Lei hulle om beurte te maak om die Bybel voor te lees, 'n ontdekking te deel, 'n vraag te stel, saam te dink oor moontlike toepassings en om in gebed te reageer op die waarhede in God se Woord.
- Spoor hulle aan om die Skrifwaarhede te bespreek en hulle eie vrae te vra. Spoor studente aan om notas (aantekeninge) te maak van hulle Bybelstudie se voorbereidings. Moedig hulle ook aan om neer te skryf wat hulle van mekaar leer tydens die besprekings van die Bybelstudie in die kleingroep.

8. Leiding gee by alternatiewe aktiwiteite in die groep.

- Leer die studente so nou en dan 'n alternatiewe metode om Bybelstudie te doen. Vgl. www.deltacursus.nl studie 35.
- Leer hulle so nou en dan om 'n waarheid in die Bybel op 'n kreatiewe manier aan te bied (vgl. bogenoemde les 35, metode 2 (aanbiedings).

9. Leiding gee by gebedstye.

- Maak beurte in die kring tydens elke byeenkoms om elkeen slegs een of twee sinne te bid in antwoord op die waarhede in God se Woord (reaksie op die onderrig**,** die uitwisseling van stiltetye of die Bybelstudie).
- Bid soms in kleiner groepies, van twee of drie persone saam.
- Lei studente om vers vir vers deur 'n Bybelgedeelte (bv. 'n Psalm) te bid (Skrifgebed).
- Leer studente om vir mekaar te bid (voorbede).
- Herinner studente om hulle gebedsversoeke op te skrywe en met die dissipelskap groep te deel.